

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

DANIE HELP DIE VREDE BEWAAR IN AFRIKA

Elke donker wolk het 'n silwer randjie, maar in hierdie geval het die swart wolk wat Covid-19 oor die wêreld getrek het, 'n goue randjie. 'n Oud Heilbronner van die 2004 matriekklas, is tans op 'n sending in die Republiek van Mali, Wes-Afrika, waar hy as kaptein van 'n H215 Medvac helikopter vir die Starlite groep vlieg. Die Europese Unie se sending in die Republiek van Wes-Afrika is daarop gemik om blywende vrede in hierdie land te herstel. Twee van die drie helikopters (Pumas) word gebruik om die European Union Training Mission (EUTM) te ondersteun, en bied ook mediese ontruiming van enige EU-personeel wat daar ontplooi word. 'n Deel van die sending is 24/7 op bystand om op enige mediese noodgeval te reageer. Hulle hanteer alles,

van voertuigongelukke tot vervoer tussen hospitale asook ondersteuning vir konvooi-bewegings tussen dorpe. Die reaksietyd kan wissel van 15 tot 30 minute, afhangende van die situasie. Hulle fokus is nie net om die pasiënt van punt A na punt B te kry nie, maar ook om die mediese personeel so vinnig as moontlik by die pasiënt te kry. Die H215 helikopter bied 'n langafstandvermoë en 'n hoë kapasiteit (19 passasiers plus twee vlieëniers binne die lang weergawe van H215) wat perfek aangepas is vir die "3H" -scenario's: hoog, warm en vyandig. Daniël is die oudste seun van Danie en Ezelle Erasmus en sy oorlede oupa, ook Daniël F Erasmus Jnr, was oud predikant van die Nederduitsch Hervormende Kerk van Heilbron.

NGWATHE AMNESTIE TOT EINDE FEBRUARIE

Ngwathe Munisipaliteit het die amnestie tydperk vir agterstallige rekeninge, wat insluit die grondbelasting van plaaseienaars, verleng tot einde Februarie 2021. Dit het gekom nadat inwoners glo nie ingelig was oor hierdie vergunning nie.

Ingevolge die aanbod sal die munisipaliteit 50% van 'n verbruiker se uitstaande rekening voorwaardelik afskryf. Die voorwaardes verbonde is eerstens dat die verbruiker die ander verskuldigde 50% in 'n enkelbedrag betaal en hom tweedens dan verbind om sy totale maandelikse verbruikersrekening vir die volgende 12 maande elke maand stiptelik ten volle te betaal. Word enige van die voorwaardes egter verbreek, vervel die afskrywing en word die afgeskryfde skuld weer by die rekening bygevoeg. Inwoners met uitstaande rekeninge word aangemoedig om van die amnestie gebruik te maak terwyl die geleentheid daar is.





**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**

**Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135**
 Postbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
 E-pos: frankfort@bkbblouw.co.za
 www.bkb.co.za
 Reg. No: 2005/026175/07



*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

VREUGDEVOLLE HERINNERINGE VIR BOOYSEN EGGENOOT

Magriet Booysen, die laatste oorlewende gade van die drie bekende Booysen broers, het in Januarie 2021 die Vegkop-terrein saam met Quarta Pretorius en Lydia Subke besoek. Dit is waar van die “monumente” wat deur haar man en twee swaers in Heilbron opgerig is, trots staan. Sedert 1942 het Gustav, Henning en Jannie saam met hul pa, Jack, as bouers by MM Konstruksie in Heilbron begin werk.

Hulle het gehelp bou aan Standardbank, Hoërskool Sasolburg en Heilbron Hoërskool, asook AVBOB. Hulle het 20 jaar by MM Konstruksie gewerk voordat hulle besluit het om hulle eie bou-onderneming te begin. Beide Magriet en Quarta woon hul hele lewe lank in Heilbron en kon met dié besoek baie herinneringe van al die mense en geboue met mekaar deel.

Magriet van Wyk het getrou met Gustav Booysen en vir baie jare in die apteek gewerk. Hulle het vier seuns. Hierdie jaar in Mei word Magriet 89 jaar oud. Die herdenking van haar man se handewerk was 'n baie vreugdevolle, maar ook emosionele dag. Dit was haar eerste besoek aan die Vegkopterrein in ongeveer 32 jaar. Nie net die Vegkopsaal en

funksionele gebou is deur die broers opgerig nie, maar ander bekende geboue wat insluit: Clover Hoofkantoor, Heilbron Stadsaal, Trio-woonstelle en die Hervormde Gemeente se pastorie. Die broers het by elke gebou wat deur hulle opgerig is, 'n kenmerkende hasie aangebring. Magriet se man, Gustav, het hierdie hasie-embleem ontwerp. Dit is ook by Vegkop te sien op die vloer van die saal, by die agterste skuifdeur. Nadat hulle Vegkop besoek het, het Quarta en Magriet saam na elkeen van die monumente wat hierdie drie vaardige bouer-broers in Heilbron opgerig het, gaan kyk.



Magriet Booysen



Die hasie embleem wat op Vegkop terrein gevind is.



Magriet Booysen en Quarta Pretorius.

HEILBRON ONDERSTEUN SANBS



Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) het op Dinsdag, 26 Januarie 2021, 79 eenhede bloed in Heilbron ingesamel. Hiermee kan meer as 200 lewens gered word. SANBS wil graag alle bloedskenkers hartlik bedank vir hulle ondersteuning en hulle aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk. Die volgende bloedskenklynik is Dinsdag 23 Maart 2021 en sal die SANBS weer Heilbron besoek by die NG Suid Kerkaal vanaf 13:00 tot 18:00. Skenk bloed. Jou bloed red lewens. Op die foto: Jan-Hendrik Conradie en Rearrabile Mofokeng

Many, many years ago I purchased a Hall Marked trophy made in London in 1893 by Walter and John Barnard. This trophy was presented to Heilbron Lawn Tennis Club in 1894 by Mark Miller. This trophy was won by Ernst Ilsley in 1894, 1895 and again in 1896. (To be won three times in succession now the property of Mr. Ernst Ilsley.) The above in brackets engraved on trophy. I bought

this trophy for sentimental reasons -
my late mother was born in
Heilbron (Orange Street?) Would be
great if we can trace any family
members connected to either Miller
or Ilsley family. Kind Regards
Gerald Campbell

The photo was taken from the Heilbron centenary yearbook in 1973.




So is daar in 1906 tennis gespeeld! Die foto is geneem op die h/v. Heil- en Piercerstraat (op die tennisbaan van die tans bekende Mev. Cathy Holmeyer) en daar verskyn v.l.a.r.: Mej. van Merwe van Bethlehem (tans Mv. Roos van Reitz) 'n onderwyseres, wat getroud was met Gijbber Roos, prokureur, van wie die vader Landros op Heilbron van Heilbron; Mv. Hudson, ook 'n onderwyseres.

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEE

Op 20 Januarie 2021 is Fezile Dabi as 'n "hot-spot" geklassifiseer

gedurende die tweede vlaag van die pandemie en met goeie rede. Die COVID-19 getalle het teen



druktyd aangedui dat daar 1 430 648 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is waarvan 42 550 mense reeds gesterf het aan die virus. Suid-Afrika is tans die land met die 15de meeste gevalle aangemeld in die wêreld.

Die jongste nuus deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 27 Januarie 2021 en dui aan dat Ngwathe 2270 bevestigde gevalle het waarvan Heilbron tans op 721 staan. Heilbron Herald het laas week berig oor die jongste getaltes ontvang op 19 Januarie en sedertdien is daar 46 nuwe gevalle in Heilbron.

Die Fezile Dabi distrik se

gevalle het met byna 600 gestyg.
Het jy geweet dat entstowwe elke
minuut mense se lewens red?.

Die uitroeiing van die pokkevirus deur entstowwe het ongeveer 5 miljoen lewens elke jaar gered. Indien die entstof nie pokke uitgeroei het nie, sou iemand elke 6 sekondes aan die virus gesterf het.

OUD-LEERDER PRESTEER



Elzette Strydom, oud-leerder van Hoërskool Heilbron behaal 10 onderskeidings in haar finale jaar van haar BA Regte studies. Sy sien uit om haar LLB voort te sit by die Noordwes Universiteit.


KLEUTERKASTEEL OP HULLE POS

Kleuterkasteel Pre-primêre skool in Heilbron het reeds hulle deure vir die kleuters oopgemaak. Tans het Kleuterkasteel ongeveer 25 kinders onder hulle vlerk en hoop hulle dat wanneer openbare skole die 15de Februarie oopmaak, die getal tot ongeveer 70 sal styg. Soos gepubliseer in die staatskoerant mag privaatskole, soos Kleuterkasteel, vroeër as openbare skole oopmaak, maar

verskeie ouers sal eers hulle
 kleuters stuur wanneer die ouer
 boeties en sussies ook terugkeer
 skool toe.
 Die koronavirus pandemie het 'n
 groot invloed op skole en die
 besluit van heelwat ouers om
 eerder tuisonderrig te doen plaas
 groot druk op skole.
 Intussen word daar by
 Kleuterkaasteel reeds lekker geleeër,
 gelag en gespeel.








*Valentines
IS ON THE WAY*



A1 Canvas (60x80cm) - R480
A2 Canvas (40x60cm) - R290
A3 Canvas (30x40cm) - R190
A4 Canvas (20x30cm) - R140

Custom sizes available on request!

*A Canvas is worth
a thousand words*

Prices exclude VAT.

Herald

heraldgraphics2@helibron.co.za

Bring your photos on a Flash Drive or E-mail it to us

POSTNET HEILBRON Elsstraat 42 HEILBRON Tel: 058 853 0006
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 Saterdag: 09:00 -12:00

Herald


Office National

We mean business • 058 852 3033

SPECIAL OFFER

for only

R5739 excl VAT



HP 1Q2U5ES 250 G7 Notebook PC

Budget friendly. Business ready.

Get connected with the value-priced HP 250 Laptop PC with the latest technology and a durable chassis that helps protect the PC.



UIT DIE PEN

Liewe Oom Fiekie
Ek weet oom lees nie hierdie koerant nie, want dit is nie gereedlik in oom se omgewing te kry nie, en ek dink ook nie oom lees Afrikaanse koerante nie. Dalk kan oom hierdie een elektronies kry (met ander woorde: Gaan Google Heilbron Herald) en lees wat op my hart is.

Oom, ek verstaan nie hoekom ons elke keer ons bestuurderslisensie moet gaan hernieu nie. Ons mors soveel tyd om in rye te gaan staan, net om dieselfde vormpie weer in te vul. Niemand toets weer jou bestuursvermoë nie. Hulle het laaste keer net my oë getoets, maar ek het intussen 'n beter bril gekry, so ek kyk nou baie beter.

Ek het verlede jaar in Februarie gaan aansoek doen vir my nuwe lisensie. Ek is darem die tweede week van November laat weet dat my splinternuwe kaartjie beskikbaar is. Dit was 'n gedoente om weereens in die ry te gaan staan om hierdie

dingetjie op te tel.

Anyway, oom, wat ek ook nie kan verstaan nie, is hoekom ons elke jaar karbelasting moet betaal nie. Ek kan regtig nie agterkom dat hierdie geld (wat nogal 'n pretty pennie is) die toestand van ons paaie verander nie. Of is daar weer iemand wat halfpad bakhand staan om hierdie geld weereens te steel. Gits, ek wens ek het geweet hoe om al hierdie geld te verduister. Smaak my as jy 'n skelm is, is daar geen einde aan jou planne nie.

Oor die karbelasting: jy kan letterlik 'n skedonk ry, maar solank die ding nog 'n lisensie het, is die kar nog op die pad. Wat dit ook al beteken: op die pad is nie noodwendig in 'n goeie toestand nie.

Maar dankie, oom Fiekie, in elk geval, dat ons die lisensies by party poskantore kan gaan hernieu. Maar bewaar jou siel as jy 'n Vrystaatse kar in Gauteng wil registreer. Jy het omtrent toestemming van die pous nodig. Of ten minste toestemming vanaf een van sy onderdane.

Maar die ander lisensiekantore lyk maar oes. Regtig, oom Fiekie moet jouself die guns doen en na 'n lisensiekantoor in die platte van die platteland gaan, veral in die Vrystaat. Dit is garra. En geldmors, sê ek jou. Daar sit gewoonlik twee mense by die hek wat iets in 'n register in skryf. Jy kan enige naam en van gebruik, jou eie ID uitdink, en sommer 'n rede uit die duim suig, en dit in die register skryf. En Bob is jou uncle. Daar gaat jy na die kantoor toe. Dis regtig nie nodig nie, ek sê jou nou. Wat kan die twee knape anyway doen as iemand die kantoor bestorm? Hulle met die

WEEK VIER VAN 2021

register platklap? Ek weet darem nie.

Dan is daar die mense wat soos varke bestuur. Oom moet onthou: hulle het nou 'n geldige lisensie en 'n karliksens. Wat net mooi niks beteken nie, want hulle jaag voor jou in. Die nuutste, sien ek, is daai wit groterige kombi's wat ons hier in Gauteng "taxis" noem. Hulle ry met hulle noodligte aan, dus kan hulle ry nes hulle wil, kan links of regs draai, want altwee die flikkerligte is mos aan. Ek sê jou, oom Fiekie, druk jy vir hulle toeter, druk hulle jou van die pad af of kry een van hulle tjommies en blok jou kar sodat jy nie by hulle verbykom nie. Dan wys hulle vir jou lelike tekens en intimideer jou.

Goed, dis seker nie al die taxis nie, maar die deursnee taxibestuurder is maar 'n padvark, so say the least.

Gister weer: ek stop soos altyd by die rooi verkeerslig. Ek wag geduldig totdat die lig vir my groen is. Net toe ek wou wegtrek, kom daar 'n wit taxi teen die spoed van laserstraal op steroids oor die verkeerslig, want tans vir hom rooi is. (Die spoed van 'n laserstraal is nagenoeg 1078 miljoen km/h. Die taxi was seker nie so vinnig nie, maar dêm naby.) Ek skrik my in nog vier grys hare in, en trek stadig weg wyl ek links-regs-links-regs kyk totdat ek oor die kruising is. Die ene bewerasies, sê ek vir oom.

Nou vra ek oom Fiekie: waar is 'n spietkop as jy hom nodig het? Nou wil jy die alkoholvlak na 0% verander. Wat regtig nie 'n slegte idee is nie, ek ondersteun

jou daarin. Maar kom ons wees nou realisties: wat van jy laat jou werknemers die paaie patrolleer en mense wat soos padvarke ry, wat oor kruisings ry wanneer dit nie veilig is nie, of mense van die pad af trek as hulle nie die verduiwelse geel pyl op die pad of die verkeersligte gehoorsaam nie. Of diegene wat parkeer waar hulle wil (met of sonder noodligte) of die wat 'n cardboard box het vir briekskoene.

Ry een oggend tussen 07:00 en 09:00 in Bloedstraat. As jou spietkops vir kommissie gewerk het, sou hulle jou bankrot boetes uitgeskryf het. Jy sal jou oë nie glo nie, oom Fiekie, ek sê jou nou.

En dan is daar nog een sakie: hoekom regeer die taxis ons? As daar tolgeld gehef moet word, staak hulle gou en word hulle vrygestel van tolgeld. As hulle nie by die reëls van die geagte bevelsraad wil hou nie, staak hulle gou en siedaar: pak maar daai taxi so vol as wat jy wil. Maak nie saak wat julle sê nie. Hulle kry altyd hulle sin.

Sê my, oom Fiekie, kry hulle nog 'n rabat vir hulle petrol? En wat van my?

Oom Fiekie, hanteer asseblief gou vir ons hierdie paar sakies, dit hoort nie lank te vat nie. Ek wed jou dat die motorongelukke eksponensieel gaan afneem.

Toe, asseblief. Hulle noem jou nie verniet Minister Fikile Fear-F-all Mbalula nie.

Tot later.

KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

NOTICE OF SALE IN EXECUTION (AUCTION)

Case No. 273/2018

In the Magistrates Court for the district of Heilbron held at Heilbron
In the matter between:
MRS MONYAI EUNICE

Execution Creditor

and

DAISY SLATER

Identity Number 790915 0337 082

Execution Debtor

1. Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 23rd day of May 2019 in the Heilbron Magistrates Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the undermentioned goods will be held.
The particulars of the sale / auction are as follows:

1.1 Date: 15th day of February 2021

1.2 Time: 13:30

1.3 Place: Plot 3, Heilbron

2. In terms of Regulation 20 (3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.

3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20(2) (b) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, and access to the later Regulations can be obtained on URL at URL: <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961>

4. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction.

5. A registration fee is payable before commencement of the auction.

6. The office of the Sheriff of Heilbron will conduct the sale with auctioneers Mr WF Minnie.

7. Method of payment; cash, bank guaranteed cheque or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.

8. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

DESCRIPTION OF GOODS OR PROPERTY:
1 X WHIRLPOOL SILVER REFRIGERATOR

1 X SANSUI FLATSCREEN TV

1 X COFFEE TABLE

1 X KELVINATOR TOPLOADER WASHING MACHINE

Dated at Heilbron on 12 January 2021.

R SCHUTTE

Execution Creditor's Attorneys

Cornelius & Vennote Ing.

40 Church Street, Heilbron, 9650

P.O. Box 205/591, Heilbron, 9650

Tel: 058 852 2035,

Fax No. 058 852 1838

Email: admin@corven.co.za

Ref: EUN1/0001/TVS

Sheriff of the Court

KENNISGEWING AAN KREDITEURE

Kennisgewing in die boedel van wyle HEILA KRÜGER, Identiteitsnomme: 470106 0026 084 in lewe 'n Rentenier woonagtig te Zebralaan 1, Reitz, 9810, Ongetroud.

Datum van afsterwe:

26 September 2020

Boedelnommer: 007603/2020
Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:

MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6
REITZ, 9810

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER NO. T 13721/2009 passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY in favour of MADIPUDUNGOANE ANNA NTUBU in respect of certain ERF 5217 PHIRITONA (EXTENSION 8), DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE. IN EXTENT: 396 (Three Hundred and Ninety Six) Square Metres which has been lost or destroyed. All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Heilbron this 25th day of January 2021.

APPLICANT

AMANDA ANNE SCHUTTE

ADDRESS: 40 KERK STREET,

HEILBRON, 9650

E-MAIL: aktesa@corven.co.za

TEL: 058 852 2035

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.

Ingesluit volledige eetgerei,

stoof en 2 oonde,

gelisensieerde kroeg beskikbaar.

Hannalie Claassen

079 040 0531

BLOEDSKENK DATUMS

23 Maart 2021,
25 Mei 2021,
27 Julie 2021,
28 September 2021,
23 November 2021

Also donate blood in Phiritona this coming

Monday on 11 January 2021

Relebohile Clinic – Boardroom

13:00 – 18:00

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg: MAANDAE TOT VRYDAE - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

DIENSTE

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



Andries Muller

072 447 7446

Vrystaat 23, Heilbron

Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS ALGEMENE DRAAIWERK MEGANIESE HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).

Velde of wen-akkers.

Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.

Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of

Piet Meiring 082 571 4191


peerlandhandel@gmail.com

AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers.

Kontak Jannie Bornman

072 287 4111 • Heilbron



BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685 Heilbron

R

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae:

08:00 - 16:30

Saterdag:

09:00 - 12:00

Elsstraat 42

HEILBRON

Tel: 058 853 0006

SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

TE KOOP

DENNEHOUT PLANKE
Groot hoeveelheid beskikbaar. Alle breedtes en lengtes. Ideaal vir die toemaak van palissades.
Skakel 079 364 4098 of 082 493 8013



Late-Nite Video Heilbron

Laaste kans voor skool begin!

Special

R50 vir 6 DVD's vir 5 dae

of

R80 vir 10 DVD's vir 7 dae

Alle fudge bakkes slegs R30 terwyl voorraad hou

Valentine's Day 14 February



COUPLE T-Shirts

Valentines IS ON THE WAY

R195

PLEASE SUPPLY US WITH YOUR 2 T-SHIRTS

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure 058 852 3033.

DIE RUS INGEAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Carolina Manolo** oorlede op 24 Januarie 2021 in die ouderdom van 93. Die diens sal plaasvind op 30 Januarie 2021 en sy word in die White City begraaftplaas in Heilbron begrawe. Sy laat na haar familie en vriende.

DIE RUS INGEAAN



† In liefdevolle herinnering aan 'n moeder en ouma **Janie Broodryk**. Sy laat na haar kinders Gielie en skoonogter Rosemary Broodryk, kleinkinders en agterkleinkinders. Sy is 14 Januarie 2021 oorlede.

OUD-HOTELBAAS VANDAG BEGRAWE

Die gemeenskap van Oranjeville is steeds geskok en verslae oor die dood van Roelf van der Merwe. Roelf en sy vrou Elmarie, wat vir jare die Herberg Hotel besit en bestuur het, is verlede Vrydagoggend omstreeks 03:00 in hul huis op die dorp beroof en aangeval. Die gedenkdiens van Roelf vind vandag plaas by die

Herberg Hotel en as gevolg van die Covid-reëls sal die getalmense beperk word tot net 50. Dit word egter ook per videoskakel uitgesaai vir diegene wat dit wil volg. Roelf is tydens die aanval deur die rowers met 'n mes gestek. Hulle het met gewere, kontant en met die egsaar se voertuig gevlug.



Elmarie (67) en Roelf van der Merwe (68).

HEILBRON BEHEER WAARSKU

Daar is die afgelope ruk 4 inbrake op plase op die Petrus Steyn pad en Vegkop pad by die Heilbron Beheerkamer aangemeld. Inwoners word gewaarsku om op die uitkyk te wees vir verdagte persone en hulle diere ook dop te hou, aangesien 3 honde Woensdagaand in die Sasolburg omgewing vergiftig is.

'n Vergiftigde dier vrek op 'n baie wrede manier; dit lei tot groot hartseer, ontsteltenis en woede by troeteldiereienaars. Die hoofdoel van die vergiftigings is om die uitvoer van huisinbrake en motordiefstalle te vergemaklik. Ongelukkig vrek nie net groot, gevaarlike waghonde vir wie die gif bedoel is nie, maar ook die klein huishondjies, katte, hoenders, eende, ganse en voëls.

29 JANUARIE 2021.

DIE FAK-KULTUURNETWERK IN DIE VRYSTAAT BRING HULDE AAN 'N DAPPER SEUN

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) en lede van die gemeenskap het die naweek hulde aan CJ Steyn in Tweeling in die Vrystaat gebring. Drie kranse is gelê deur die FAK, een namens die Rapportryers in die Vrystaat en die Heilbron-Voortrekkerkommando op die plek waar CJ Steyn 119 jaar gelede gefusilleer is.

Lede van die Steyn-familie het ook die kranslegging bygewoon en lede van die Kiewiet-eenheidvereniging van die Suid-Afrikaanse Weermagvereniging (SAWV) het 'n saluut as ererbetuiging tydens die kranslegging uitgevoer.

“Ons het die dag geniet en is dankbaar dat daar mense soos die FAK is wat hierdie volksgeskiedenis lewend hou,” het Stephan Steyn gesê. Sy oupagrootjie was CJ Steyn se broer.

Die FAK het 'n sertifikaat aan Deon van der Watt, wat in die Tweeling-omgewing boer en na die monument van CJ Steyn omsien en bewaar, oorhandig.

CJ Steyn is in 1886 gebore. Hy was sieklik en sluit by die kommando van kmdt. Van Coller aan na die Boeremagte teruggekeer het van Natal. Sy vader, DW Steyn (familie van president MT Steyn) was die veldkornet van die Tweeling-omgewing.

Cornelis het 'n lang, swaar jas gehad en hy verruil dit by 'n ander Boer vir 'n korter offisiersbaadjie. Die Engelse kom op hom en vier ander Boere af op 16 Januarie 1902. Hulle neem die Boere gevange en agtervolg Cornelis nadat hy alles van sy perd afgegooi en te voet verder gevlug het. Hy is gevange en vir drie dae vasgeketting aan 'n wa, waartydens hy verhoor en skuldig bevind is aan moord van 'n Britse offisier. Die offisiersbaadjie wat hy geruil het, het aan 'n Engelse offisier behoort wat by 'n ander veldslag doodgeslaan is (waarby hy nie betrokke was nie). Maar Cornelis het net een getuie gehad wat nie getuig het nie uit vrees vir die Engelse.

Cornelis is twee dae ná sy
gevangeneming teen 'n kransie
naby Hooggelegen gefusilleer. By
die holtetjie wat hulle gegrawe het
en wat as graf moes dien, wou



Steyn-familielede het die kranslegging by CJ Steyn-monument bygewoon.



Deon van der Watt, boer van die Tweeling-omgewing en wat na die CJ Steyn-gedenkmonument omsien, saam met Jan-Danie Malan, koördineerder van die FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat, en Marianda Schlebusch, FAK-projekorganiseerder, by die kranse wat gelê is by die CJ Steyn-gedenkmonument.



Charlyze Smit en Bart Steijn, twee Verkenners van die Heilbron-Voortrekkerkommando, het saam 'n krans gelê.



Jan-Danie Malan, koördineerder van FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat, oorhandig 'n sertifikaat van dankbetuiging aan Deon van der Watt, wat in die Tweeling-omgewing boer en na die CJ Steyn-gedenkmonument omsien.

SMALLS

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel van wyle:
ANNA SOPHIA BROODRYK
Identiteitsnommer: **340305 0003 089**
van **Huis Bron-van-Heil**
wie oordele is op 2 November 2020
in lewe 'n pensionaris
BOEDELNUMMER: 008839/2020
Alle persone wat vordering teen
bogemelde boedel het, word aangesê om
bedoelde vordering binne 30 (Dertig)
dae vanaf datum van publikasie hiervan
by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE &
VENNOTE ING.
ELSSTRAAT 47
POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
VERW: PPvdm/ne
TEL: 058 852 2041
E-POS: merlaw@phillaw.co.za



Harold
Office National
 Contact us byn
 058 852 3033
 Prices valid
 while stocks last!

COVID-19 PROTECTION

PREVENT & PROTECT

STAY SAFE

Non-Medical Disposable Civilian Masks



R5.00
 Incl VAT
 PER UNIT

3-Ply | Disinfection Treatment
Prevents Spread of Germs
Single Use | Includes CE / FDA Certification
Buy a pack of 50 for R230

Liquid Hand Sanitizer



5 Litre
R230.00
Incl VAT



500ml
R50.00
Incl VAT

Liquid
70% Alcohol
Disinfects Surfaces
Freshens the Air
Easy to use

Hand & Surface Aerosol Spray



400ml
R58.00
Incl VAT

400ml Aerosol Spray
97% Alcohol in concentrate
Disinfects Surfaces
Buy the 3 pack for R150



270ml
R45.00
Incl VAT

270ml | Aerosol Spray
Over 70% Alcohol
Disinfects Surfaces
Freshens the Air

Elger Sanitizer Dispenser



R995
 Incl VAT
 PER UNIT

No Touch - Automatic Sensor
ABS plastic housing | 2l Capacity
Battery Life 1.8 000 Cycles
Suitable for Foam, Soap, Liquid Sanitizer
Wall Mounted Hand Sanitizer Dispenser

Infrared Forehead Thermometer



Non-contact
temperature reading
Infrared sensor
Screen Display

R495
 Incl VAT
 PER UNIT

Pulse Oximeter



Fingertip Oximeter
Lightweight & Portable
One-Button Measurement

R515.70
 Incl VAT
 PER UNIT

[illegible]

RUAN MIK MOOI

Saterdag se bywoning was maar yl, maar nie teenstaande is daar goeie gholf gespeel deur Ruan Mienie. Sy rustige swaai het die skoonvelde gevind en wen hy die dag met 39 punte. Arnold Saayman het V6 krag agter sy drywer gesit en hy eindig tweede met 36 punte. John

Watson en Julyan Bruyns wen beide hulle dubbel wedstryde in die dubbel putjiespel kompetisie. John eindig derde met 35 punte wat seker ook wys dat hy die ankerspeler van die twee was Saterdag. Die liga wat môre sou plaasvind is uitgestel tot einde Februarie. Die spelers wat hierdie



jaar gaan liga speel is soos volg: Eben Stander, Gerrie Muller, Willem Loots, Ruan Mienie, Edmund Els, Pieter van Staden, Jackie Leonard en RJ Muller.

Die voorlopige datum vir vanjaar se klubkampioenskappe is 13 Maart en ledegelde moet ook voluit betaal wees om in die dag te kan speel. Môre is dit weer gewone spel vanaf 11:00



Verlede week se winners vl: Ruan Mienie, Arnold Saayman en John Watson.

Heilbron se AfriForum-tak
REORGANISEER

Stuur asb. nominasies vir:

- Voorsitter
- Ondervoorsitter
- Sekretaris
- Tesourier
- Plaaslikeregeringsake
- Omgewing
- Veiligheid
- Kultuur en erfenis
- Jeug

Stuur nominasies na
Alta Pretorius by 081 392 2071.

Neem asb. kennis dat die genomineerde moet toestemming gee of instem tot die nominasie.

KENNISGEWING ONWETTIGE WAPENS

Vuurwapeneienaars het net kans tot einde Januarie om onwettige wapens by die polisie in te handig. Die amnestie-typerk eindig om middernag op Sondag 31 Januarie 2021.

Enige vuurwapen waarvan die lisensie verval het, word as onwettig beskou, en dit is die rede waarom die wapens tydelik ingegee moet word. Dit beteken nie dat jy jou wapen opgee nie. Eienaars sal hul wapens terugkry sodra hul nuwe lisensies goedgekeur is. Vuurwapeneienaars word gewaarsku, sou jy nie van die amnestie-tydperk gebruik gemaak het nie, jy aangekla kan word vir die onwettige besit van 'n vuurwapen, en die moontlikheid bestaan dat jy onbevoeg verklaar kan word om weer vuurwapens te besit. Kennisgewings word 6 maande voordat wapenlisensies verval uitgestuur na selfone, maak dus dadelik werk daarvan om jou lisensie te hernu sodra die boodskap ontvang is.



Herald Office National
We mean business • 058 852 3033

BACKPACK ATTACK!
in stock now

ECO EARTH 3 DIVISION BACKPACK (BLACK & BLUE) R248 each	ECO EARTH ORTHOPEDIC TROLLEY BACKPACK (BLUE) R464.60 each	ECO EDU TROLLEY BAG (ASSORTED COLOURS) R506.50 each	BOOMERANG BACKPACK R1059.80 LARGE ORTHOPEDIC LARGE RIPSTOP EXTRA LARGE MELANGE R440.50	EXTRA LARGE TROLLEY LARGE MELANGE R1059.80 R405.00
--	---	---	--	--

F.T.C.
FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES | **HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com

BKB Louwid

Die komende week se
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 1 FEBRUARIE 2021

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSdag - 2 FEBRUARIE 2021

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

FRANKFORT: OPPERMAN & SEUNS
Produksieveling van 700 rooi boerbeeste,
124 dormers en 155 Dohne's
11:00, Skurwekop BV, Frankfort
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

WOENSDAG - 3 FEBRUARIE 2021

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

LINDLEY: DOUBLE-UP DORMER SALE
40 SP/kommersiële ramme,
25 SP ooie en 130 kommersiële ooie
11:00, Spioenkop, Lindley
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 4 FEBRUARIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

REITZ: KLIPKOP & ROSCOE SAVM
40 Ramme en 100 ooie
11:00, Roscoe, Reitz
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937

VRyDAG - 5 FEBRUARIE 2021

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

WARDEN: WAAIWATER BOERDERY
630 Simbra-tipe beeste en
400 vleismerino-tipe skape
11:00, Sterkwater, Warden
Kontak Schalk Burger 076 070 1411



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za